61/86

LAZARUS MALEKANE APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

SAAK NO. 411/84
/CCC

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPèLHOF)

In die saak tussen:

LAZARUS MALEKANE — APPELLANT

en

DIE STAAT — RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, VILJOEN *et* JACOBS ARR

VERHOOR: 16 MEI 1986

GELEWER: 23 MEI 1986

---

## U I T S P R A A K

TRENGOVE, AR:

Die/ ......

Die appellant is in die rondgaande hof te Springs aan strafbare manslag skuldig bevind en gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar op sekere voorwaardes vir 'n tydperk van vyf jaar opgeskort is. Die saak het voortgespruit uit die dood van ene Joseph Khubeka (die oorledene) wat op 25 Maart 1983 as gevolg van 'n steek-wond aan sy nek beswyk het. Die appellant kom met verlof van hierdie hof slegs teen sy vonnis in hoër beroep. Daar is namens hom betoog dat 'n effektiewe vonnis van twee jaar gevangenisstraf in die omstandighede van die onderhawige geval onredelik swaar is. Daar is in dié verband aange-voer dat die verhoorhof die gevangenisstraf in die geheel moes opgeskort het en moontlik daarby ook 'n betreklike

stywe boete moes opgelê het.

Die feite van hierdie saak is betreklik eenvoudig. Aangaande die omstandighede waarin die oorledene gedood is, was daar net twee getuies, naamlik, die staatsgetuie, Ernest Sikhosana, 'n vriend van die oorledene, en die appellant self. Hoewel hulle weergawes van wat op die kritieke fase sou gebeur het veral in een opsig van mekaar verskil, stem hulle getuienis tog in baie ander opsigte ooreen. Dit kan in breë trekke soos volg saamgevat word. Op Vrydagaand, 25 Mei 1983, was daar 'n sogenaamde stokvel (of drankpartytjie) by die huis van die appellant se onmiddellike buurman, ene George Dlongdo, in die woongebied Daveyton. Daar was heelwat mense wat

dié/ ......

dié aand by hierdie huis kom drink het. Toe die getuie Sikhosana daar aankom, was die oorledene reeds daar. Hy het saam met vriende gesit en bier drink en Sikhosana het by hulle aangesluit. Hulle het voortgegaan om bier te drink. Die appellant het om ongeveer 22h30 daar opgedaag. Hy het reeds vroeër die aand 'n hele paar blikkies bier gedrink. Hoewel hy blykbaar die oorledene geken het, het hulle dié aand, by Dlongdo se huis, nie in mekaar se geselskap verkeer nie. Nadat die appellant 'n tydlank saam met vriende gesit en bier drink het, het Dlongdo aan hom kom sê hy hoor daar breek vensterruite by sy huis. Die appellant en een van sy vriende, ene Daniel (of Duze) is toe dadelik daarheen. Hulle het die oorledene daar met

n klip/ ......

'n klip in sy hand voor 'n stukkende vensterruit aangetref. Omdat dit donker was en hy die oorledene nie onmiddellik herken het nie, het die appellant gedink dat dit 'n skelm is wat by sy huis wou inbreek. Soos 'n mens goed kan begryp, het die voorval die appellant baie ontstel. Soos hy self gesê het "... ek het baie kwaad geword toe ek sien dat hierdie man my vensterruite stukkend gegooi het want daar is nog baie geld wat ek op hierdie huis skuld."

Dit is vanaf hierdie punt dat die appellant se relaas van die verdere verloop van sake verskil van dié van die staatsgetuie, Ernest Sikhosana. Die appellant het gesê dat toe hy die skade sien wat die oorledene aangerig het, was hy woedend. Hy en sy vriend Daniel het

die/ ......

die oorledene vasgegryp. Op daardie oomblik het 'n aantal ander persone, oënskynlik vriende van die oorledene, skielik op die toneel verskyn. Hulle het die oorledene probeer wegtrek. En toe dit gebeur, het die appellant die oorledene die noodlottige steekwond toegedien met 'n mes wat hy toevallig by hom gehad het. Die appellant het te kenne gegee dat die drank hom aangetas het, dat hy baie ontsteld was oor die gebreekte vensterruit en dat hy nie bedoel het om die oorledene noodlottig te beseer nie maar hom slegs wou skrik maak.

Sikhosana het 'n ietwat ander prentjie geskilder van die aanranding op die oorledene. Hy het bevestig dat die oorledene op 'n stadium die vertrek

waarin/ ......

waarin hulle gesit en drink het, verlaat het. Sikhosana is kort daarna ook na buite. Toe hy buite kom, sien hy die oorledene op die appellant se erf, aan die agterkant van die huis, saam met die appellant en nog twee onbekende persone. Dit was donker en hulle was ongeveer 10 tot 15 tree van hom af. Die oorledene en die appellant het van aangesig tot aangesig gestaan. Sikhosana het die oorledene hoor sê "Lazarus kom ons praat. Lazarus kom ons praat." Hy sien toe hoe die appellant na die oorledene steek met 'n voorwerp wat soos 'n mes gelyk het. Sikhosana het nader gehardloop en gevind dat die oorledene ernstig beseer is. Hy het die oorledene bygestaan en iemand gekry om hom hospitaal toe te neem. Hy het op pad daarheen

beswyk. Tot sover die opsomming van die getuienis aangaande die omstandighede waarin die oorledene gedood is.

Die verhoorregter het nie in sy uitspraak enige geloofwaardigheidsbevindings gemaak nie. Hy het, met ander woorde, nie die appellant se weergawe van die gebeure verwerp nie. Nadat die regter die getuienis opgesom het, het hy met verwysing na die appellant se bewering dat hy nie die oorledene wou doodsteek nie, gesê:

> "Dit is maklik om so 'n storie te versin, maar na aanhoor van die twee getuies weet ek nie presies wat die beskuldigde se toestand was nie. Was hy nog normaal of was hy aangetas deur die inname van drank. Aangesien dit wel bewys is dat die oorledene in die nag by sy huis gestaan het en die ruit was gebreek en oorledene het 'n klip in sy hand, moet ek hom die voordeel van die twyfel gee en aanvaar dat hy kwaad

was/ ......

> was en in sy woede saam met die inname van drank hy moontlik nie die bedoeling gehad het om die oorledene te dood nie."

Die appellant is gevolglik aan strafbare manslag skuldig bevind.

Hoewel dit nie in die oorkonde aangeteken is nie, is dit gemene saak dat die appellant, na sy skuldigbevinding, ingevolge artikel 271(4) van die Strafkode erken het dat hy op 10 Februarie 1978 skuldig bevind is aan aanranding met die opset om te beseer en gevonnis is tot betaling van 'n boete van R40,00, alternatiewelik, gevangenisstraf vir 'n tydperk van 40 dae. Geen besonderhede in verband met hierdie misdryf is aan die hof voorgelê nie, en gesien die betreklike ligte vonnis is dit onwaarskynlik

dat/ ......

dat dit 'n aanranding van 'n ernstige aard sou gewees het. Die appellant het geen ander vorige veroordelings gehad nie.

Dit is verder gemene saak - hoewel ook dít nie uit die oorkonde blyk nie - dat die volgende feite aangaande die appellant se persoonlike omstandighede met die instemming van die Staat aan die hof ter strafversagting meegedeel is. Die appellant was ten tyde van die verhoor 27 jaar oud. Hy het op skool tot by standerd 8 gevorder. Hy is getroud en die alleen-broodwinner van sy gesin wat bestaan uit sy eggenote en 'n kind wat ten tyde van die verhoor 11 maande oud was; die appellant het destyds reeds vir 'n tydperk van 10 jaar 'n stand-

vastige werk behou by dieselfde werkgewer teen 'n salaris van R510 per maand. Deur bemiddeling van sy werkgewer kon die appellant 'n woonhuis aankoop waarop hy R178 per maand moes afbetaal. As hy 'n vonnis van gevangenisstraf sou moes uitdien, sou hy waarskynlik die huis moes verbeur omdat hy nie in staat sou wees om met die afbetaling van die paaiemente voort te gaan nie.

In 'n besondere kort uitspraak het die geleerde verhoorregter in verband met sy redes vir die vonnis die volgende gesê:

> "Ek neem in ag dat beskuldigde kwaad was daardie aand vir die oorledene omdat die persoon sy huis se ruit gebreek het. Ek neem ook aan dat beskuldigde drank ingehad het sodat sy oordeelsvermoë aangetas was.

"Maar 'n persoon se lewe is geneem en hoe ons ook al daarna kyk kan dit nie wegredeneer word nie. 'n Gedeelte van die vonnis wat ek gaan oplê sal opgeskort word en as beskuldigde uit die gevangenis kom dan sal dit oor sy kop hang vir die volgende vyf jaar."

Ek kom vervolgens by die vraag of hierdie hof geregtig is om in die onderhawige geval met die opgelegde vonnis in te meng. Die verhoorregter het heeltemal tereg daarop gewys dat strafbare manslag uiteraard 'n ernstige misdryf is. Dit wil egter nie sê dat waar iemand aan strafbare manslag skuldig bevind word hy sondermeer tot gevangenisstraf gevonnis moet word nie. Die verhoorhof moet in so 'n geval nog steeds in die lig van al die omringende omstandighede, en met inagneming van die

aanvaarde oogmerke van straftoemeting, oorweeg wat 'n gepaste vonnis sou wees. Die verhoorregter het in sy uitspraak verwys na twee belangrike strafversagtende faktore, naamlik, dat die appellant met goeie reg ontsteld en woedend was oor die moedswillige beskadiging van sy huis en, daarbenewens, dat sy oordeelsvermoë aangetas was deur die bier wat hy gedrink het. Wat egter baie opvallend is, is dat die verhoorregter hoegenaamd nie in sy uitspraak na die persoonlike omstandighede van die appellant verwys het nie. Dit is na my oordeel 'n ernstige leemte. Ek aanvaar dat die versuim om in 'n uitspraak na een of ander relevante faktor te verwys nie sonder meer beteken dat dit oor die hoof gesien is nie want, soos

dikwels reeds gesê is, kan geen uitspraak ooit volmaak of alomvattend wees nie (kyk bv R v Dhlumayo and Others, 1948(2) S A 677 (A) 702, 706 en S v Pillay 1977(4) S A 531 (A) 535 A - B). In die onderhawige geval is die persoonlike omstandighede van die appellant, na my oordeel, so 'n belangrike strafversagtende faktor dat 'n mens sou verwag dat indien die verhoorregter dit ten gunste van die appellant in oorweging geneem het hy uitdruklik in sy uitspraak daarna sou verwys het. Die feit dat die verhoorregter dit nie gedoen het nie, regverdig die afleiding dat hy hierdie faktor òf heeltemal buite rekening gelaat het òf dit nie behoorlik na waarde aangeslaan het nie (vgl. S v Koekemoer 1980(1) P H H73 (A)). In beide

gevalle/ ......

gevalle sou dit op 'n mistasting neerkom. Bowendien, in die lig van die kumulatiewe effek van al die versagtende omstandighede waarna hierbo verwys is, is 'n effektiewe vonnis van 2 jaar gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, na my mening, onvanpas en onredelik swaar.

Om net weer kortliks na die relevante feite te verwys. Die appellant is blykbaar 'n betreklik bestendige persoon. Ten tyde van die voorval was hy reeds 10 jaar lank by dieselfde werkgewer in diens waar hy 'n baie goeie salaris verdien het. Die appellant het met die hulp van sy werkgewer 'n huis aangekoop waarop hy R178 per maand moes afbetaal. Soos reeds genoem, het

die appellant een vorige veroordeling gehad vir aanranding met die opset om te beseer waarvoor 'n betreklike ligte vonnis opgelê is. Dit is ook gemene saak dat die appellant skielik en heeltemal onverwags by die gewraakte voorval betrokke geraak het. En toe hy die noodlottige steekhou toegedien het, was hy reeds in 'n mate deur die drank aangetas en was hy ook woedend, soos 'n mens goed kan begryp, oor die skade wat die oorledene - sonder enige provokasie - besig was om aan sy huis aan te rig. As die appellant 'n vonnis van 2 jaar gevangenisstraf sou moet uitdien, sal dit waarskynlik beteken dat hy nie net sy salaris van R510 per maand sal verbeur nie, maar ook dat hy sy huis sal moet prysgee omdat hy nie

met/ ......

met die betaling van die paaiemente sal kan voortgaan nie. Soos reeds aangedui, is ek dus van mening dat die opgelegde vonnis onredelik swaar is en dat dit vervang moet word deur 'n vonnis waarkragtens die appellant die keuse van 'n boete kry plus 'n opgeskorte vonnis van gevangenisstraf.

Die appèl slaag en die vonnis van die verhoorhof word vervang deur die volgende:

"(a) Die beskuldigde word gevonnis tot betaling van 'n boete van R300 of 1 jaar gevangenisstraf plus 'n verdere 3 jaar gevangenisstraf wat vir 'n tydperk van 5 jaar opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word nie aan enige misdryf waarby 'n aanranding betrokke is, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting, en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf van meer as 6 maande, sonder die keuse van 'n boete, opgelê word;

(b) die boete van R300 is betaalbaar in paaiemente van R50 per maand vanaf 1 Julie 1986; die eerste paaiement moet betaal word voor of op 7 Julie 1986, en die daaropvolgende paaiemente voor of op die 7e van elke daaropvolgende maand."

TRENGOVE, AR

VILJOEN, AR )
) STEM SAAM
JACOBS, AR )